Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# July 21, 1960

# Letter from South African Department for Foreign Affairs Official M.I. Botha on Sale of Uranium to Israel (excerpt)

## Citation:

"Letter from South African Department for Foreign Affairs Official M.I. Botha on Sale of Uranium to Israel (excerpt)", July 21, 1960, Wilson Center Digital Archive, South African National Archive, BLO 353, PS17/109/12 vol. 2. Obtained and contributed by Sasha Polakow-Suransky.
https://wilson-center-digital-archive.dvincitest.com/document/116583

## Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan

Wilson Center Digital Archive Original Scan

VERW: P.S. 17/109/12

LUGPOS

21 Julie 1960.

VERTROULIK

DIE SEKRETARIS VAN BUITELANDSE SAKE

Verkoop van Uraan aan Israel

Met verwysing na u diensbrief nr. 137/11/35 van 7 Julie 1960, 'n afskrif waarvan u aan hierdie kantoor vir inligting en kommentaar gestuur het, moet ek u meedeel dat ons reaksie op die voorstel van die Israeliese Gesant volkome met u eie eerste indruk stryk nl. dat die ander Ottawa-moondhede nie tevrede sou wees nie met 'n versekering dat, indien en wanneer 'n I.A.E.A.-waarborgstelsel op wêreldwye skaal aanvaar word, Israel dan die uraan wat sy nou ontvang aan sulke waarborge sal onderwerp.

Al die inligting wat ons tot ons beskikking het lei tot die gevolgtrekking dat dit die Ottawa-groep se houding sou wees dat so 'n versekering, wat aan 'n onsekerheid gekoppel is, geen werklike waarborg inhou nie. Weliswaar sou die Unie die teen-argument kon gebruik dat die huidige beperkings op die vrye uitvoer van sy uraan, die opheffing waarvan aan presies dieselfde onsekerheid gekoppel is, ewe onrealisties geword het. Maar die feit sou bly staan dat die belangrikste lede van die Ottawa-groep teenstand sal bied teen enige poging om aansienlike hoeveelhede uraan op die ope mark, en sonder doeltreffende veiligheidswaarborge, te verkoop.

U merk tereg op dat die sensuur van die Ottawa-moondhede nie noodsaaklik op sigself 'n deurslaggewende oorweging sou wees nie. Indien daar elders 'n groot en veilige alternatiewe afsetmark was, sou ons dit miskien met voordeel kon waag om die sensuur van die Ottawa-groep te trotseer. Die alternatiewe afsetmoontlikhede is egter nog so beperk in vergelyking met ons verkope deur die C.D.A. dat dit klaarblyklik vir ons onvoordelig sou wees om op die huidige tydstip die Ottawa-groep teen ons in die harnas te ja.

In hierdie verband wil ek graag die punt wat die Minister in Wenen in die slotparagraaf van sy verslag nr. 29/13 van 18 Junie gestel het, weer onderskryf en benadruk. Die beperkte moontlikhede vir die uitbreiding van die Unie se uraanuitvoere is bo alles toe te skryf aan die feit dat die produksie van elektrisiteit deur atoomkrag nog aansienlik duurder is as deur konvensionele krag. In die Sesde Jaarverslag van die Britse Atoomkrag-raad, waaroor 'n aparte skrywe aan u gerig word, word dit duidelik gestel dat daar gevolglik geen aansienlike nuwe verkope van uraan binne die volgende tien jaar

verwag 2/......

Wilson Center Digital Archive Original Scan



verwag kan word nie. Die waarborgstelsel is geensins die oorsaak van hierdie toestand nie. Met of sonder veiligheidsmaatreëls, sal ons dus buite die Ottawa-groep geen belangrike nuwe afsetgebied vir ons uraan vind nie.

Dit is natuurlik verstaanbaar dat die moontlikheid van nuwe kontrakte, hoe klein ook al, onder omstandighede vir ons produsente baie aanloklik is. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die nadeel wat die verlies van enkele klein kontrakte, weens gebrek aan aanneemlike veiligheidswaarborge, inhou, nie kan opweeg teen die ver groter nadeel wat die verlies van samewerking met die Ottawa-moondhede mag beteken nie.

Afskrif aan Wenen
" " Washington
" " Canberra
" " Ottawa.

M. I. Botha

Minister.

DDV/MB.